Begripstoets


Naam: ____________________ Datum: ______________

# Boerdery is nie vir sissies !

Boer Willem het 'n groot plaas in die Noord-Wes. Die plaas is 'n duisend hektaar groot. Hy boer met beeste, mielies, sonneblom en skape. Hy geniet dit baie om te boer, maar dit is baie harde werk.

Hy staan elke oggend 5uur op. Hy gaan kyk dan of al die beeste en skape nog reg is. Daar is baie oggende klein vulletjies en lammers. Hulle is te mooi. Hy maak seker dat hulle gesond is en mooi by hulle mammas melk drink.

Hy en die werkers kry dan al die trekkers en stropers reg en beweeg na die land toe. Hulle begin dan stroop. Baie keer breek die stropers en dan moet hulle eers herstelwerk doen. Boer Willem stroop elke dag tot 6uur en dan gaan hy huis toe na 'n lang dag van boer.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Waar is boer Willem se plaas?

   ______________________________________________

2. Waarmee boer hy alles?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

3. Wat noem mens 'n skaap se baba?

   ______________________________________________

4. Wat besoedel die lug?

   ______________________________________________

5. Wat beteken die woord "herstelwerk"?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

6. Onderstreep die werkwoord in die volgende sin:

   Hy gaan kyk dan of al die beeste en skape nog reg is.

7. Wat is die antoniem van "mooi" as boer Willem se die vulletjies en lammers is <u>mooi</u>?

   __________________

Begripstoets

Naam: ____________________ Datum: _____________

# Hou ons lug skoon !


Mamma en Gawie is oppad na die winkels. Gawie sien 'n groot fabriek met baie rook wat uit die pype uit kom.

"Mamma is dit nie sleg vir ons as daar so baie rook in die lug is nie? vra Gawie.

"Dit is baie sleg vir ons Gawie. Baie mense kry keel - en longsiektes van besoedelde lug." sê mamma.

"Die fabrieke maak my sommer baie kwaad. Hulle besoedel ons lug." sê Gawie kwaad.

"Fabrieke is nie al plekke wat die lug besoedel nie Gawie. As baie hout, steenkool en brandstof gebrand word besoedel dit ook die lug. Selfs die rook van karre veroorsaak besoedeling!" vertel mamma.



"Ai mamma, dit maak sommer my hart baie seer."

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat het Gawie gesien toe hulle in die kar ry?

______________________________________________________

______________________________________

2. Is besoedelde lug vir ons sleg? Hoekom?

______________________________________________________

______________________________________

3. Wat veroorsaak alles lugbesoedeling?

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

4. Dink jy Gawie was hartseer en kwaad oor die lugbesoedeling? Hoekom se jy so?

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

5. Onderstreep die selfstandige naamwoord/e in die sin:
   Gawie sien 'n groot fabriek met baie rook wat uit die pype uit kom

6. Wat is die meervoud van brandstof ?

_______________________________